# *Dors Na Lewe*

. . . 'n paar oomblikke vir gebed. Kom ons buig ons hoofde. En terwyl ons is, ons hoofde gebuig het, wil ek hê elkeen van julle moet spesiaal bid vir 'n—'n suster wat hiernatoe gebring is van die hospitaal af, naby die dood, en God vra om genadig te wees op hierdie tyd. Miskien kan ons nou guns vind by Hom vir haar.

2 Here, U is God. U was God nog voor daar 'n wêreld was, en wanneer daar geen wêreld meer is nie, sal U steeds God bly. En ons kom na U toe om al ons gebreke, en ons sondes, en ons foute te bely, deur te vra dat U ons sal vergewe, en om ons hart en verstand te reinig van enige skaduwee van ongeloof.

3 En laat U Gees so naby kom op hierdie tyd dat U hierdie dierbare, siek vrou sal genees vir wie ons so opreg bid, net u alleen, Here, kan dit doen, en laat dit so wees, Here. Ons het U lief, en ons is . . . Ons—ons sê soos die seun se vader: "Help U ons ongeloof, Here," dat ons versterk kan word in hierdie uur vir hierdie gebed, dat dit na U toe kan gaan, insoverre dat dit die soom van U kleed sou aanraak, mag U, deur om te draai, met haar praat, en haar laat lewe om die Koninkryk van God se ontwil.

4 En ons bid vir ander wat in Goddelike Teenwoordigheid is, en hulle wat in die Teenwoordigheid in radioland is, laat U Gees van genesing op hulle wees. En vergewe ons ons sondes en al ons oortredinge, en gee ons van U Woord vanaand, dat ons Daarop mag voed. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

5 Julle mag maar sit. Ons begin met 'n nuwe week hier by die Angelus Tempel, en vertrou dat ons guns het by Almagtige God om voort te gaan.

6 Billy het my vertel dat daar baie mense in die gebou was wat gebedskaartjies het; ek—ek het hulle waarskynlik, 'n paar aande, nie opgeneem nie. En daar was verskeie van julle wat gebedskaartjies gehad het, en sommige van ander dienste, wat nog steeds gebedskaartjies het van vorige dienste af. Ek het gedink môre-aand, as die Here wil, julle wat weet dat julle gebedskaartjies het, sal ons al die gebedskaartjies môre-aand in 'n gebedsry opneem, môre-aand gebedsdiens begin vir die siekes. En ons sal waardeer as julle die mense sal vertel wat—wat nog nie in die gebedsry was nie en 'n gebedskaartjie het, dat hulle môre-aand hier sal wees vir gebedsdiens vir die siekes.

7 Gewoonlik, hou ek nie elke aand die gebedsry nie, soort van as gevolg van die onderskeiding, dit het so 'n—'n vermoeiende effek op my, en ek het verskeie dienste, as dit net hierdie een was, sou dit anders wees, maar ek gaan van hierdie een af na 'n ander een toe, na 'n ander toe, en oorsee. En—en toe

ek by die huis weg is, dink ek, was daar omtrent vierhonderd groot stede in die Verenigde State wat nou vra vir dienste, net hier in die Verenigde State, behalwe omtrent elke nasie onder die hemele. Afrika, Indië, Australië, Nieu-Seeland, Siam, die Eilande, Europa, Asië, oral, wat net skakel, smeek, petisies onderteken, en—en amptenare van die stede wat teken vir dienste.

8 En my grootste bediening is oorsee. Maar ek wil nie soontoe gaan en die mense vra om my reis te betaal, en dinge nie, ek gaan hier aan, en net soos die mense vir my gee, spaar ek dit, soveel as wat ek kan, totdat ek genoeg bymekaar het om oor te gaan, sodat ek my eie reis kan betaal met die Amerikaanse geld, vir daardie arme mense wat nie genoeg het om te eet nie. Ek ken vanaand sendelinge wat die Evangelie preek in die oerwoude met twee maaltye per week sonder skoene aan hulle voete. Nou, hoe kan julle van my verwag om in weelde te lewe, en so-iets soos daardie wat aangaan? Wel, hulle sal staan in die Oordeelsdag en ons veroordeel vir die dinge wat ons het, en tog, behoort ons te deel.

9 Ek hou my dienste klein, soos julle sien. Ek het geen uitsending, of geen televisieprogramme, en niks groot nie, ek—ek hou dit klein, sodat ek elke pennie geld kan oorwerk wat ek kan na die—die velde, en alles doen wat ek kan. My uitgawes is nogal baie. My . . . by my kantoor daar, kry ons duisende briewe, en het vier fone daarbinne aan die gang. Ek het die tyd gesien van soveel as vier-en-sestig langafstand oproepe per uur, vier-en-twintig uur per dag. En so, kan julle sien, siekes en beproefdes wat skakel; en dis—dis nasionaal en internasionaal. Ek het so pas vir Duitsland geskakel, geluister na Duitsland vanmiddag. En vanaf verskillende dele van die wêreld, skakel hulle.

10 En my uitgawes beloop my by die huis omtrent 'n honderd-en-vyftig dollar per dag, net vir my kantore en dinge by die huis. En dan, het ek omtrent tien verskillende kantore regoor die land waar ek my pos moet laat vertaal en weer terugstuur in die lande. Julle sien, wel, Duitsland, en Switserland, en Fins, en alle verskillende tale, wat ons iemand moet hê om dit te vertaal om dit terug te stuur. So bid vir my. En ek het oor 'n paar rowwe myle gekom, en ek—ek's seker ek het nog bietjie rowwe tye wat vir my voorlê, so hou net aan bid, en kyk op, glo.

11 Nou, môre-aand gaan ons 'n onderwerpreeks begin. Ek gaan môre-aand begin oor Génesis die 12de hoofstuk, en Woensdag, Donderdag, en Vrydag hê oor om geloof te bou en te onderrig, om net op ons dierbare Broer du Plessis se oggenddiens te volg, om geloof te bou op die lewe van Abraham. En probeer om drie aande se reeks onderwerpe te hê oor Abraham se geloof.

12 Môremiddag om twee-dertig, is ek by die Pisgah huiskerk. Ek dink dis op Sesdestraat, of iewers. Ek is waarskynlik verkeerd

daaroor, ek ken nie die stad te goed nie, hulle moet my kom haal. Dis môremiddag om twee-dertig. Dan môre-aand terug hier om hierdie onderwerpreeks te begin.

13 Nou, vanaand het ek gedink, sou ons miskien ’n klein, kort onderwerpie hê, en—en kyk wat die Here wil hê ons moet doen. Ek wil hê julle moet vanaand blaai na Psalm 63, as julle saam met my wil lees. Ek dink die lees van die Woord is wonderlik, want geen diens is volledig sonder die lees van God se Woord nie. Nou, Hy het nooit belowe om my woord te seën nie, maar Hy het belowe om Sy Eie Woord te seën. So, my woord sal faal, Sy Woord sal nooit faal nie. So daarom dink ek elke aand as ons net ’n klein versie of twee uit Sy Woord kan lees, dit my laat voel dat miskien dat, as die Heilige Gees nie kan beetkry wat ek probeer sê nie, Hy Dit alreeds gesê het, in elk geval in wat ek gelees het, sodat dit die moeite werd sou wees.

> *O* Here*, u is my God; u soek ek: my siel dors na u, my vlees smag na u in ’n dor en uitgedroogde land, sonder water;*
>
> *Het ek u in u heiligdom aanskou,. . .om u sterkte en* U *heerlikheid te sien.*
>
> *Want u goedertierenheid is* vir my *beter as die lewe, my. . .moet u prys.*

14 Toe ek die eerste keer hierdie Skrifgedeelte gelees het, het ek begin wonder: “Waarvan moes Dawid gepraat het?” Dit soort van. . .Dis wat my laat dink het, wanneer die grootste ding, glo ek, wat enigiemand kon hê, lewe sou wees. Ek kan nie aan enigiets groter as lewe dink nie. Dis waarom ons preek en so hard probeer om uit te druk jy moet wedergebore word, hierdie lewe moet verander word.

15 Ek het vandag ’n brief gekry, en miskien is die persoon teenwoordig, van ’n jong, gekleurde dame af, baie, skynbaar volgens haar brief, baie hoogsgeleerde vrou wat na die diens toe gekom het. En sy het my gevra om nie uit te druk, of om hierdie dokter se naam te sê nie, want, ek verstaan, beslis, dit net ander dokters hierdie kêrel sou laat bel en kritiseer, ensovoorts. Maar die jong vrou is ondersoek, en daar was twee yslike groot plekke in haar sy. En omdat sy ’n Presbiteriaan van geloof was, het sy net nooit te veel gedink aan Goddelike genesing nie. Maar daardie twee groot vergroeisels, baie groter as pomelo’s, was toe kwaadaardig, en dit was so gevorderd, die dokter het gesê daar was geen manier vir ’n operasie, dat daar. . .dit nie gered kon word nie, op een of ander manier, van die x-strale, of wat hulle ook al gedoen het, het dit die—die gevorderdheid van die—die twee plekke gewys. En haar sye was so seer, sy kon skaars haar klere oor hulle uithou.

16 En so, het sy na die kerk toe gekom, en sy het gehoor. . . Julle weet, geloof kom deur die gehoor. En sy het geweet sy was

sterwend, so sy het na die kerk toe gekom, en gesê: "Ek het die Skrif gelees." Ek sal dit probeer aanhaal net so akkuraat as wat ek kan; en miskien môre-aand, as julle dink, sal ek die brief bring, nie die vrou se naam lees nie, maar vir julle wys. En sy het gesê dat sy. . . "Toe ek die Skrifte gelees het," het sy gesê: "O Here, laat hom na my toe draai en—en met my praat."

17 En gesê ek, net na sy dit gesê het, het ek die Bybel neergesit en na haar gekyk, maar toe, het ek nie gepraat nie. Binne 'n paar oomblikke, gesê, het sy weer gevra: "O Here, laat hom na my kyk, want as U my nie genees nie, moet ek sterf, my lewe is verby." En gesê dat—dat ek weer omgedraai en gekyk het. En dit toe naby die einde van die diens gesê, ek het gesê: "Jy daar met die gewas, staan op, want Jesus Christus het jou gesond gemaak." En sy het gesê sy het omgekyk om te sien of daar enigiemand anders naby haar was, en gesê ek het gesê: "Jy, met 'n sekere rok," of so-iets aan, "staan op, want Jesus Christus het jou genees."

18 En sy gaan na haar dokter toe daarna, daardie twee groot plekke het kleiner geword, en sy het na die dokter toe gegaan, en die dokter het gesê: "Dit moes 'n volmaakte operasie gewees het, want daar was geen teken daarvan nie, niks nie." Die. . .En ek is seker die vrou is in die gebou vanaand. Ek het die brief gekry.

19 En natuurlik, ek's. . .Ek speel nie met goed soos daardie nie, ek sê dit net tot die eer van God. Ek het nie tydskrifte om so-iets te publiseer, ensovoorts nie. Maar ek weet een ding: Die mense word genees. Ek het groot hope briewe gekry wat ingekom het, en telefoonoproepe van mense wat hierdie plek en hierdie diens verlaat het, en genees is van ernstige siektes, dat hulle lewens gespaar is deur die genade van die Almagtige God.

20 So die lewe is 'n groot ding, ons wil almal lewe. En wanneer ek Dawid hier in die Psalms hoor praat, en sê: "Want U goedertierenheid is vir my beter as die lewe, my lippe sal U prys. En ek verlang om U krag te sien soos ek Dit in U Heiligdom aanskou het. My siel dors na U in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water." nou, toe ek dit begin dink het, het ek gedink: "Daar moet meer as een betekenis van die lewe wees, want, wat kan groter as lewe wees?"

21 Jou lewe beheer jou, jou lewe maak jou wat jy is, dit—dit laat jou—jou motiewe werk, en dis—dis net jy, en dit—dit beheer jou. As jy 'n goeie hart het, goeie gees, het jy goeie lewe; jy 'n bose hart het, bose gedagtes, bose lewe.

22 Soos 'n paar jaar gelede onder in die Suide, het hulle—hulle altyd, in die dae van slawerny, het hulle altyd die mense geneem en—en hulle, die gekleurde mense, as slawe verkoop. En hulle sou na die groot plantasies toe gaan, en—en hulle het makelaars gehad wat sou verbykom, en—en hierdie slawe koop, en—en vir 'n sekere hoeveelheid geld, en hulle neem en hulle verkoop, wins

maak uit hulle, net soos hulle met gebruikte motors, of iets, doen vandag.

23 Dink aan hoe boos dit was, om menslike lewe te neem waarvoor Christus gesterf het, en om dit te verkoop, dit 'n slaaf te maak. God het die mens gemaak, die mens het slawe gemaak.

24 En daar was 'n sekere makelaar wat na 'n ou plantasie toe gekom het wat baie slawe daarin gehad het. En so, was die slawe weg van die huis af, hulle sou . . . hulle was weggesteel uit Afrika en is hiernatoe gebring en verkoop. En hulle het geweet hulle sou nooit weer teruggaan na die tuisland toe nie, hulle was hartseer, hulle—hulle wou nie werk nie, hulle het geen ambisie gehad nie. En so sou hulle partymaal swepe vat en daardie mense slaan om hulle te laat werk, net soos jy sou maak met 'n—'n perd of 'n dier.

25 En hierdie slawekoper het verbygekom en hy het sy slawe deurgekyk om te kyk hoeveel hy kon koop. En hy het gevind daar was een jong kêrel daar, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, hy het sy bors uitgesteek, sy ken regop, hy was net die heeltyd aan die gang. En so, het die makelaar vir die eienaar gesê: "Sê, ek wil graag daardie slaaf koop."

Maar die eienaar het gesê: "Hy's nie te koop nie."

"Wel," gesê: "wat maak hom soveel anders as die res van die slawe?" Gesê: "Miskien, dalk, is hy 'n baas, jy het hom die baas van die res van hulle gemaak."

En die eienaar het gesê: "Nee, ek het hom nooit baas gemaak nie, hy's net 'n slaaf."

"Wel," gesê: "miskien voer jy hom beter as wat jy die res van die slawe voer."

Hy het gesê: "Nee, hulle eet almal daar oorkant in die kombuis, hulle almal saam."

Toe het die makelaar gesê: "Wat maak hierdie jong kêrel soveel anders as die res van hulle?"

26 En die eienaar het gesê: "Ek het daaroor gewonder vir 'n lang tyd." Maar gesê: "Jy weet, eendag, het ek uitgevind. Oorkant in die tuisland waar hulle vandaan kom, is hierdie jong kêrel se vader die koning van die stam. En hoewel hy 'n vreemdeling is en weg is van die huis af, weet hy steeds hy's 'n koning se seun, en hy gedra homself soos 'n koning se seun."

27 En ek het gedink, as 'n slaaf wat weg was van die huis, in die wete dat hy die seun van 'n stamkoning was, hoeveel te meer behoort die kinders van God hulleself te gedra soos seuns en dogters van God terwyl ons in hierdie vervreemde wêreld is? Hoe ons hierdie beloftes van God behoort aan te gryp! Hoe ons daardie dinge behoort te koester en hulle te waardeer! Dit is nie betaamlik vir 'n Christen om homself op te hou met ongeloof nie. 'n Christen behoort sy ken regop te hê, hy behoort gereed te wees om enigiets te glo wat God sê, maak nie saak wat dit is nie, dit sal

die moraal van die res van hulle ophou. Dit sal. . . Ons is seuns en dogters van God, en ons behoort onsself so te gedra.

28 Party mense dink dat die lewe net lê in hoeveel geld jy kan kry terwyl jy hier op aarde is; dis nie lewe nie. En party van hulle reken dit as plesier, hoeveel van 'n lekker tyd hulle kan sien, watter geselskap hulle, verenigings hulle by kan aansluit, of watter losie, of—of iets wat hulle kan doen, hulle dink dat dit lewe is, as jy by die—die Vierhonderd kan aansluit, of in die boek van *Wie's Wie* kan inkom.

29 Soveel mense probeer in daardie boek van *Wie's Wie* inkom. Ek. . . My naam sal nooit daar wees nie, maar ek het dit in 'n beter Boek: Die Boek van die Lewe in Heerlikheid waar God. . . in God se *Wie's Wie*. Ek is eendag wedergebore, toe is my naam geplaas op God se *Wie's Wie*.

30 Nou, ek weet dat daar 'n groot, donker kamer voor ons staan, en elke keer wat ons hart klop, kom ons een klop nader aan daardie kamer, en dit word die dood genoem. En eendag sal dit sy laaste klop gee, en ek moet daar ingaan, maar daar's een heerlike hoop wat ek het, dat hierdie: Ek Hom ken in die krag van Sy opstanding, dat wanneer Hy roep, ek sal uitkom onder die dooies, op daardie groot dag.

31 Ek wil nie gaan soos 'n lafaard nie, ek wil myself toedraai in die kleed van Sy geregtigheid, daar ingaan, in die wete dat ek Hom ken as 'n persoonlike ondervinding en wedergebore is tot Ewige Lewe. As ek nooit 'n vriend op aarde het nie, wil ek Hom ken; as ek nie Sy Woord te goed ken nie, wil ek Hom ken.

32 'n Tyd gelede, was daar 'n—'n kêrel by Fort Wayne, Indiana, wat vir my gesê het: hy het gesê: "Broer Branham," hy was agter die verhoog by die Fort Wayne Evangelie Tabernakel, hy het gesê: "dis 'n skande, jou grammatika."

33 Ek het gesê: "Ek weet dis vreeslik." En ek het gesê: "Ek het nie 'n geleerdheid gekry nie, daar was tien van ons kinders, en Pa het gesterf, en ek moes na die ander nege kyk."

Hy het gesê: "Dis geen verskoning nie, jy's nou 'n man."

Ek het gesê: "Maar ek is so besig om vir die siek mense te bid, ek het nie die tyd nie."

Hy het gesê: "Die. . . 'n Man wat met die gehoor sou praat soos jy, en die taal gebruik wat jy gebruik!" En hy het gesê: "Gisteraand het jy gesê op die preekstoel daarbuite," gesê: "julle het gesê: 'Al julle mense, kom hier op na die *priekstoel*.'" Hy het gesê: "Daardie mense sal jou meer waardeer as jy sou sê, *preekstoel*."

34 Ek het gesê: "Broer, ek glo nie so nie. Daardie mense gee nie om of ek *priekstoel* of *preekstoel* sê nie, solank ek die lewe lei, en die Evangelie verkondig, en voortbring waarvan God praat

in die krag van Sy opstanding.” Dis waarna mense soek, opregte mense, net lewe.

35 ’n Tyd gelede, was ek in ’n groot stad in ’n ander nasie, en ons het ’n groot byeenkoms gehad by ’n groot ys-arena. En daardie aand toe ek in die hotel ingaan, was daar ’n sekere losie in Amerika hier wat hulle groot konvensie gehou het daarbo by hierdie hotel. En daardie middag, ek het nog nooit soveel dronk mense in my lewe gesien, op een slag nie. En so toe, toe ek daardie aand by die huis gekom het, was daar net whiskybottels oraloor alles, en hulle het net, wat hulle genoem het, ’n lekker tyd gehad. Dis jammer dat Amerika uitverkoop het aan sulke goed soos daardie, en dis die ergste in die wêreld.

36 Nou, ek het net omtrent regoor die wêreld gereis, was verskeie keer in baie nasies, maar waar ek glo hulle het sendelinge meer nodig as enige ander plek in die wêreld, is die V.S.A. Dis presies reg. ’n Geleerde heiden is moeiliker om mee te werk as een wat geen geleerdheid het nie, omdat hy dink hy weet alles terwyl hy niks weet nie. Nou, ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, maar ek wil eerlik wees. Dis die waarheid.

37 In Puerto Rico ’n paar dae gelede, het ons in, ek het, in omtrent ’n vierde klas hotel gebly, want ek glo nie dat ’n Christen alles spoggerig moet hê nie. Jesus het nie eers ’n plek gehad om Sy kop neer te lê nie, en tog, moet ons Cadillacs ry om geestelik te wees. Wel, daar’s iets verkeerd! En daar was ’n ou man daar wat soort van rondhang by die Christen sakemanne; ek weet net nie wat sy naam was nie. En ons was oorkant in ’n ander groot hotel, o, dit was ’n yslike en ’n pragtige plek, honderde dollars om per week in daardie ding te bly. En die ou kêrel is omtrent tagtig jaar oud, ’n afgetrede spoorwegwerker. En daar was die Puerto Rico mense, wat normaal gelyk het, aangetrek; hier kom die Amerikaners in, halfgeklee, nakend, half dronk, steierende. Die ou man het omgekyk na my, gesê: “Pryse is hoër hier oorkant, maar die lewe is laer.” En dis net omtrent die antwoord.

38 Dis partymaal ’n skande, hoe . . . in ’n ander land ingaan en kyk hoe hierdie mense optree, wat van hierdie land af kom. Soveel as wat die Evangelie aan hulle verkondig is, en dan optree soos daardie? Wel, julle sal dubbele oordeel ontvang op die Oordeelsdag. Wel, dis ’n skande!

39 Ek het in die hysbak geklim daardie aand, en die whiskybottels oral daarin, en ek het vir die kêreltjie gesê, ek het gesê: “Lyk asof die—die glasmaatskappy ’n, beslis ’n groot dag gehad het.”

Hy het gesê: “Ek het nog nooit so-iets in my lewe gesien nie!” Gesê: “Ek wil niks daarvan sê nie, want jy’s ’n Amerikaner.”

Ek het gesê: “Ja, maar partymaal deur so op te tree, maak my skaam daarvoor.”

40 So hy het gestop op ’n sekere vloer en my uitgelaat. En toe ek uit die hysbak uitklim en na my kamer toe begin loop, het ek iemand hoor gil en skree, en ek het gekyk, daar deur die kamer het gekom, die gang, en hier het twee jong vroue gekom, miskien ma’s, albei het trouringe aangehad, hulle het gelyk of hulle in hulle laat twintigs is, en hulle het net een onderrokkie aangehad, met ’n bottel whisky in hulle hand. En mans so dronk, wat probeer uitkom en hierdie vroue gryp, hulle wat trek en val.

41 En ek het agter in ’n plekkie ingegaan en soort van gestop vir ’n paar minute. Dit het my so skaam gemaak. En ek het hulle daar sien deurkom, en hulle het reg voor my gestop, en een van hulle het die bottel gevat, en ’n yslike groot sluk geneem, en dit vir die ander een gegee, daardie onderrokkie opgetrek, en haar voet uitgegooi, geskree: “Whoopee! Hierdie is lewe!”

42 Ek het uitgestap in die middel van die vloer en hulle altwee aan hulle hand gevang; dis hoekom ek weet hulle het trouringe aangehad. Miskien ’n man by die huis iewers, wat die babas oppas. En dis net so erg met die mans; sonde is sonde aan albei kante. En dis alles korrupsie. “O, het net ’n bietjie skoon pret,” het hulle gesê.

43 “Skoon pret.” Dis sonde! God sal jou daarvoor laat betaal. God sal die volk daarvoor laat betaal. Dit sal die individue daarvoor laat betaal. Ons verkoop vir mense whisky en goed, en sigarette, en gee hulle kanker, en vertel hulle *dit*, *dat*, en die *ander*, en dan wonder ons: “Wat makeer?”

44 En hier het hulle gekom, en ek het hulle hande so vasgehou, en—en ek het gesê: “Verskoon my! Jy het gesê: ‘Hierdie is lewe.’” Ek het gesê: “Hierdie is die dood! Dis net die dood wat verskans is!” Dis waar.

En hierdie meisie het omgekyk, gesê: “Maar ons bedoel geen kwaad nie.”

Ek het haar probeer regop hou. Ek het gesê: “Kyk hier, ek’s . . . ”

Gesê: “Wil jy nie ’n sluk vat nie?”

45 Ek het gesê: “Ek’s ’n prediker, ’n Evangelieprediker.” Toe het hulle begin wegruk. Ek het gesê: “Kniel saam met my hier op die vloer net ’n oomblik, julle sal nugter word en huis toe gaan na julle kinders toe.” Hulle het weggeruk, en af deur die gang het hulle gegaan, oor mekaar geval. Nie geskik om in hulle eie huis te wees met die blindings afgetrek, hoe hulle aangetrek was nie. En dan noem hulle dit *lewe*! Dis die dood. Is beslis.

46 En die wêreld is so vol vandag, van wat lekker tye genoem word. En julle het soveel daarvan hierbuite op hierdie Weskus, soveel glans, en ek het opgelet dit het in die kerke ingesluip, om die kerk te probeer verglans. Die kerk is nie glans nie, dis ’n plek om geregtigheid, heiligheid, en reinheid te preek, en die

heiligmakende krag van die Heilige Gees in die menslike lewe. O, dis 'n skande! Wat laat 'n persoon dit doen? Waarom is dit?

47 En dan, as Satan jou nie kan blinddoek om dit te doen nie, sal hy iets anders vir jou doen, hy sal jou laat voel dat jy godsdienstig wil wees, dan sal hy jou laat oorgaan en handskud met die prediker iewers, en jou naam op die boek sit, en dink dat jy godsdienstig is.

48 Ek het eenkeer vir 'n jong meisie gesê, wat op die platvorm gekom het, ek het gesê: "Is jy 'n Christen?"

Wel, sy het gevoel sy is beledig, sy het gesê: "Ek sal jou laat verstaan, ek behoort aan *So-en-so* 'n kerk."

Ek het gesê: "Dit het nie enigiets daarmee te doen nie, nie 'n ding nie."

49 Een het gesê. . . Hulle eenkeer gevra, Broer Bosworth het 'n jong meisie gevra, ek het hom op die platvorm gehoor, gesê: "Is jy 'n Christen?"

Sy het gesê: "Ek sal jou sê ek brand elke aand 'n kers." Asof dit enigiets daarmee te doen het.

50 Om 'n Christen te wees, beteken om soos Christus te wees, gebore uit Sy Gees, gereinig deur die Heilige Gees en Vuur, 'n nuwe skepsel, geskape na die—die gelykenis en die krag van die opstanding van die Here Jesus.

51 Wat laat mense dit wil doen? Is omdat dit hulle samestelling is, hulle kan dit nie help nie. God het hulle gemaak om te dors. Hy het 'n mens gemaak, toe Hy die mens gemaak het, het Hy hom gemaak om te dors, maar Hy het hom gemaak, daardie dors in hom gesit om na God te dors. En hoe durf enige man of vrou daardie heilige dors in hulle probeer bevredig met die dinge van die wêreld! Jy het geen reg om dit te doen nie, God het jou gemaak om na Hom te dors. En jy sal nooit tevrede wees totdat jy drink uit daardie:

> Fontein wat gevul is met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars gedompel onder die Vloed,
> En al hulle skuldvlekke verloor.

52 Jy kan net nie jouself bevredig nie. Jy gaan uit en word dronk, en jy kom terug en jy kry 'n hoofpyn, die volgende oggend staan jy op en jy begin die volgende dag, gooi dit weer in. So senuweeagtig jy kan nie jouself beheer nie, rook een sigaret na die ander een, en sonder om te weet dat julle vuurkole daarin ophoop nie. Wel, elkeen wat jy rook sal jou soveel meer senuweeagtig maak.

53 En wat doen—wat doen dit? Dis die duiwel. God is die Een wat jou senuwees kan kalmeer, God is die Een Wat jou daardie Bevredigingsporsie kan gee, dis Sy Gees. Die rede waarom jy daardie dinge doen, is omdat jy daardie dinge die ware dors laat vervang wat God in jou geplaas het vir die Heilige Gees. "O,

kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, Ek sal julle rus gee." Hy's die Fontein van die Lewe. My uitdrukking van Jesus Christus: Hy is die onuitputlike Fontein van die Lewe wat 'n mens kan drink en tevrede wees. Dis waarom jy so gemaak is, dis waarom jy daardie dors in jou het.

54 En dan, as hy jou nie kan laat drink nie, en die dokters jou doodbang kan maak vir kanker in die keel van sigaret, dan sal hy jou by 'n kerk laat aansluit, en net voortgaan om vir die wêreld te lewe, hy het jou steeds, jy's steeds nie tevrede nie.

55 Daar kan nie 'n bevrediging wees buite die nuwe geboorte nie, 'n mens is gemaak daarvoor, God het jou so gemaak. En nou, jy sal nooit tevrede wees totdat jy daardie dors met die Heilige Gees les nie. Wanneer jy een sluk uit daardie Fontein neem, word jy 'n nuwe skepsel, ou begeertes vergaan, alles word nuut vir jou, dan daardie bevredigingsporsie soos van die baba, wat op sy mamma se bors lê, dit drink sy lewe uit haar uit. Dis hoe Jesus is, daardie Porsie is Hy.

56 Die Christen het geen reg om te spog met aan watter kerkdenominasie jy behoort, en probeer om dit bevrediging te noem nie. "My ma was 'n *Sekere-sekere*, en ek—ek is dit, ook." Dit het niks daarmee te doen nie. En niemand het enige reg om daardie heilige dors en honger in hulle siel te probeer bevredig met die dinge van die wêreld nie, jy verdraai net die genadigste ding wat God in jou gesit het. God het jou gemaak om te dors sodat jy na Hom sou dors. En jy verdraai dit en luister na die duiwel, en dors, en probeer daardie dors les met die dinge van die wêreld. Jesus het gesê, of, die Bybel het gesê: "As julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in julle nie."

57 Sien hoe ons te kort skiet vandag? Sien hoe, hoekom mense vanaand 'n kerklidmaat kan wees, en tuis bly in die tyd van 'n herlewing om 'n televisieprogram te kyk? Hulle sal—hulle sal by die huis bly om na 'n karnaval te kyk, of om na 'n politieke toespraak te luister, of iets; dis omdat hulle dors, maar hulle probeer daardie dors les met die dinge van die wêreld. As jy net daardie hart eenkeer sal oopmaak vir God!

58 Dawid het in 'n ander Psalm gesê, hy het gesê: "Soos die hert dors na die waterstroom, so dors my siel na U, O God."

59 Geen wonder ons kan na 'n diens toe kom, die manifestasies sien van die krag van God, en dan weggaan en sê: "O, wel, ek . . . daar was niks daaraan nie."

60 Mamma het altyd vir my gesê: "Jy kan nie bloed uit 'n raap tap nie." As God se Gees in jou is en jy sien God se Woord word vervul, sal dit jou laat juig, iets moet beweeg.

61 Toe Jesus in die stad ingekom het, het Hy gesê: "As hulle stilbly, sal die klippe onmiddellik uitroep." Iets moet beweeg wanneer die Gees van God ingery kom.

62 Dawid was ’n man van die woude, hy het geweet wat die woude was, hy het geweet hoe—hoe die diere. . . O, ek hoor hom skryf van die skaduryke groen weivelde en die stil waters, hy kon dit waardeer, want daar het hy God gevind.

63 Wie kan na ’n blom kyk en sê daar’s geen God nie? Het julle ooit opgelet hoe sy saadjie in die lente opkom? Daar kom ’n mooi, klein bloeiseltjie daaraan, en naderhand, tref die ryp dit, dit sterf, buig sy koppie, en dan het God ’n begrafnisstoet vir Sy blomme. Ek weet nie of julle dit weet of nie, maar Hy het: Die herfsreën kom en huil trane af in die lug, en dit begrawe daardie saadjie, die koue winter kom in my landstreek, en vries daardie grond vir miskien ’n voet diep, daardie saadjie vries, die pulp loop uit die saadjie uit, die blomblaar is weg, die blom is weg, die bol is weg, die saad is weg, die pulp is weg, maar laat daardie son net weer begin opkom in die lentetyd, daardie blommetjie sal weer lewe. Sekerlik. En as God ’n weg gemaak het vir ’n blom om weer te lewe, hoeveel te meer het Hy ’n weg gemaak vir ’n mens na Sy Eie beeld om weer te lewe?

64 Dawid het die natuur bestudeer, en sy hart het verlang, en eendag, so uitgeroep na God, hy het gesê: “Soos die hert smag na die waterstroom, so dors my siel na U, O God.”

65 Ek’s ’n jagter, en ek veronderstel ek praat met baie van hulle, en enigiemand weet, as jy ooit ’n takbok geskiet en hom gewond het, as daardie takbok by water kan kom, sal jy nooit daardie takbok vang nie. Hy—hy sal water drink, opgaan oor die heuwel, terugkom, water drink, opgaan oor die heuwel; daardie koue water sal bloeding stop, en jy sal hom nooit vang nie.

66 En Dawid het opgelet in die land waarin hy woon, soos in Afrika, het hulle wilde honde, en hierdie wilde honde is iets soos ons wolf. En hulle het twee bloedslagtande wat afhang oor die kante van hulle mond. En hulle is baie geslepe in hulle vang van takbokke, net soos die duiwel. En, gewoonlik, sien hulle die takbok, en as een takbokkie alleen sal afdwaal, is dit ’n regte plek om een te kry.

67 Dis waaraan ek partymaal dink: God se klein takbokkies dwaal partymaal van die kudde af. Daar mag sommige hier wees vanaand wat afgedwaal het van die beskerming van die kerk af, en die beskerming van die geliefdes wat vir julle sou bid, en julle help om terug te kom na God toe, julle reg te hou, na die kerk toe te kom en luister na die Evangelie. Daar mag sommige in radioland wees wat afgedwaal het.

68 En dan, hou jy hierdie moordenaarhonde dop, honde, hulle begin baie versigtig nadersluip, soos ’n kat, en hulle gaan ’n klein entjie. En daar’s iets daaromtrent, dat daardie takbokke amper kan aanvoel dat daar iets verkeerd is, hulle lig hulle koppie op, hulle raak senuweeagtig.

69 Daar's nie 'n persoon in my gehoor vanaand, daar's nie 'n afvallige, wat nie weet, dat vandat jy die kudde van God verlaat het, dat jy senuweeagtig en ontsteld was, daar iets verkeerd is nie.

70 Menige klein meisietjie, wat inluister vanaand, wat 'n goeie mamma, en 'n pappa gehad het wat haar reg probeer leer het, sy's buite in een of ander hool, iewers, of weg van God af, en daar probeer sy daardie dors in haar hart les met van hierdie moderne, tiener ruk-en-rol, wat van die duiwel is; dis vir sommige van julle predikers wat toelaat dat dit gepreek word in julle kerke, ook. Enige kerk wat laag genoeg daal om hulle jongmense met ruk-en-rol te vermaak, verander die naam op jou voordeur, nie 'n huis van God nie.

71 Net onlangs, was ek in 'n plek, en ek—ek was in 'n hotel, en die—die JM, of, JVCV was oorkant my, wel, moes ek die venster blindings toemaak en hulle aftrek om die Evangelie te bestudeer, oor die onderwysers wat ruk-en-rol leer, en hierdie ou boegie-woegie, wat jy ook al hierdie goed noem. Dis 'n skande! Waarvoor staan daardie *C*? Dis veronderstel om te staan vir *Christus*. Jouself probeer bevredig met daardie soort goed wanneer dit van die duiwel is en jou siel sal verdoem! Sekerlik. 'n Ware wedergebore Christen sal nie daardie soort goed doen nie. Dis waar.

72 En so, kom hierdie wolwe naby aan waar hierdie skape is. En baie van julle dametjies hierbuite vanaand luister daarna, wat hulle die *wolffluit* noem, julle weet, hulle het 'n—'n fluitjie, en jy dink jy's slim. Dametjie, jy besef nie in watter gevaar jy is nie. En hulle kom baie naby, en hulle hou die takbok dop totdat hulle 'n kans kry. En dis al . . .

73 'n Seun wat so sou gil, en fluit, en skree vir meisies op die straat is nie geskik vir 'n ordentlike meisie om mee uit te gaan nie. Nou, dis 'n baie groot mondvol, maar ek sal liewer hier eerlik wees, as om veroordeel te word by die Oordeel. Ek gaan die waarheid praat, dis al wat ek weet, is om die waarheid te praat.

74 Wat die kerk vanaand nodig het, is terug na die Evangelie, terug na die outydse Evangelie, terug na die verlossingskennis, en daardie dors. As jy God liefhet met jou hele hart, siel, en verstand, sou jy nie daarbuite in daardie soort plekke gewees het nie. Dis so soet om Hom te vertrou en Hom te glo, Hy's die bevredigingsporsie, Hy's jou Lewe.

75 En daardie groot ou wolwe, of, honde, wanneer hulle die takbok sien, nou, hulle het 'n tegniek om dit te doen, hulle kom net so naby as wat hulle kan, en dan hardloop hulle, en neem daardie slagtande en slaan hulle in die takbok se nek in, reg agter die oorknop, dan net hulle gewig swaai. En daardie yslike groot slagtande, soos spiese, wanneer die wolf se gewig afkom, sny net

die outjie se keel af, hy gee 'n paar treë en hy's gedaan, dan is dit al. En 'n paar minute, is dit vol honde wat dit net uitmekaar skeur, dit net stuk vir stuk uitskeur.

76 Luister, suster en broer, ek het nie bedoel julle jongmense, om julle gevoelens seer te maak wanneer ek praat van wat julle julle plesiere noem, ek wil julle nie seermaak nie, ek het julle lief. Maar, klein sussie, jy wat 'n klein maagd is en nooit buite in hierdie partytjies was nie, laat dit net eenkeer begin, en die honde van die hel sal jou oorval, hulle sal elke morele ding wat daar in jou is, van jou af wegneem. Jy sal niks wees behalwe 'n . . . Maak nie saak hoeveel jy bely, en hoe hard jy probeer regkom nie, daardie merk sal jou na jou graf toe volg. Bly weg van hulle af, kom daaruit. God het Iets vir jou om na te dors, dis Hy, Hy sal 'n bevrediging gee, daardie dinge sal so dood wees, jy sal hulle nie eers hoor nie.

77 Nou, partymaal mis die hond die takbok se keel, dan het hy 'n ander plek om die takbokkie te vang, en dit is in die sy. Nou, die sy is die middel, of balansdeel van die takbok; die agterstewe is swaarder as die voorstewe, en met die lendene ingegooi, nek ensovoorts, maak dit omtrent gebalanseerd. Dan as die hond, of, wolf dit in die sy kan vang, en dit begin swaai, sal hy gou die takbok platgooi, en dieselfde ding gebeur, dis oortrek met honde binne 'n paar minute, wat dit net aan flarde skeur.

78 Maar wanneer hierdie leierhond, die een wat die leier van die trop is, daardie gewildste ruk-en-roller, julle weet waarvan ek praat, as hy net die houvas kan kry, nou, as hy ooit gryp . . . As daardie takbok baie slim is, en weet hoe om daar uit te kom, sal sy 'n klein vinnige rukkie na een kant toe gee en haar klein, sagte liggaampie sal daardie hond se mond hierdie hele stuk vleis laat uitpluk, as dit vinnig is en vinnig kan beweeg.

79 O, my raad aan jou, suster, broer, is: As hy jou gegryp het, beweeg vinnig, spring na die Hemel toe so vinnig as wat jy kan, kom weg daarvan, trek uit, moet niks meer daarmee te doen hê nie, kom weg daarvan, vinnig. As jy gereed maak om jou eerste sigaret in jou mond te sit vanaand, of die eerste drankie te drink, of na die eerste ruk-en-rol partytjie toe gaan, of vir mamma die eerste leuen te vertel, kom weg daarvan, dis die duiwel.

80 En dan, wanneer hy uitruk, vlieg die bloed. En as die takbokkie baie vlug van voet is, wat hulle vinniger as die hond is, kan dit hardloop vir watter lewe dit het totdat dit wegkom van die trop af, oor die heuwels, oor die plekke spring, waar die hond deur die bosse moet gaan, dit spring net reg bo-oor die bosse, hardloop net so vinnig as wat dit kan gaan. En dan, nadat dit weggekom het van die hond . . .

81 Miskien luister daar sommige na my vanaand wat dit gedoen het, wat net—net weggekom het daarvan. Wat gaan jy doen? Wat's die probleem?

82 Sien julle daardie takbokkie? Ek het hulle baiekeer dopgehou, hulle steek net hulle koppie in die lug op, hulle hyg net: "*Hah-ah, hah-ah, hah-ah!*" Hulle moet net water kry, hulle moet dit net kry, hulle bloei, hulle sterf. Elke keer wat hulle hart klop, stoot die bloed reg uit hulle uit, daardie stuk is uit hulle sy uit, en as hulle nie water kry nie, sal hulle gou sterf.

83 En julle kan julle die opregtheid en die eerlikheid van daardie takbok voorstel, hy sal tot bo-op die heuwel hardloop, hy sal kyk, hyg: "*Hah-ah, hah-ah!*" Hy sal na 'n ander plek toe kyk, net so hard hyg as wat hy kan, hy het sy neus regop, hy—hy ruik vir water, hy moet water kry of hy sal vergaan.

84 En broer, as hierdie Angelus Tempel, as hierdie mense hier is vanaand, sou dors na God soos daardie, sou daar 'n herlewing hierdeur uitbreek binne 'n paar minute wat deur die land sal trek.

85 "Soos die hert smag na waterstrome, dors my siel na U, O God." Wanneer jy 'n punt bereik waar jy Hom moet hê of sterf! Jy kan nie sonder Hom aangaan nie, Hy's jou Lewe, jy moet Hom hê, Hy's. . . jy's net omtrent gedaan, en jy kyk, probeer.

86 Jesus het gesê: "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid: want hulle sal gevul word." Gevul met wat? Nie geloofsbelydenisse nie, nie denominasies nie, nie vermaaklikhede van die wêreld nie, maar gevul met die Heilige Gees, wat ons bevredigingsporsie is, wat ons daardie Lewe gee wat bevredig.

87 Die God van die Hemel is in hierdie gebou vanaand. Die God wat die Hemele en aarde geskape het, is hier vanaand. Dis wat Hom God maak vir my, Hy het die hoogste plek in die Hemel gehad, en die laagste plek op aarde geneem; Hy het uit die hoogste Hemel gekom, en na die laagste hel gegaan; Hy het julle geword sodat julle, wie deur Sy genade, Hy kon word, seuns en dogters van God, en Hy's in die gebou vanaand. Aand na aand verteenwoordig Hy Homself.

88 Die kerk is dood gepreek. Mense kom, gewoonlik, na die kerk toe, hulle sê: "Wel, ons sal gaan na. . . " Gaan net omdat dit 'n plig is, soms. Soms gaan hulle omdat daar sekere predikers is, groot manne in die land vandag wat regtig 'n preek kan lewer, hulle gaan om daarna te luister, maar waarvoor ons regtig kerk toe behoort te gaan, was om Christus te vind, jy gaan net kerk toe om te aanbid totdat jy al jou skuld en skande kan verdryf, en die hele wêreld en sy somberheid uit jou hart kan gooi, en Christus laat inkom, God se bevredigingsporsie, dan sal jy Ewige Lewe hê. Sy Gees is hier, Sy Gees wil in hierdie kerk beweeg.

Laat ons ons hoofde buig. ['n Suster praat in tale, 'n ander suster gee uitleg. Leë kol op band—Red.]

89 . . . Skrif sê: "As een in tale praat, en daar 'n uitlêer is. . . " Sien? As daar geen uitlêer is nie, dan is dit net met niks; maar

as daar uitlêer is, dan is dit God wat spreek, 'n—'n Stem aan die kerk. Hoe dankbaar is ons vir die Koninkryk van God! Nou, die Here Jesus is hier.

90 Ek wil hê ons suster moet gereedmaak vir die orrel hier, net vir 'n paar woorde: "Daar is 'n Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are." Terwyl sy dit speel, en julle in radioland, wens ek julle kan hier wees in hierdie Angelus Tempel, om daardie neerdaling, daardie ontsag te voel, die Gees van God. Dink daaraan daarbuite.

91 Dan het die Bybel gesê: "As die ongeleerde inkom en iemand praat in tale, en daar's geen uitlêer nie, sal hy dink julle is barbare," of sovoorts. "Maar as een profeteer en die verborgenheid van die hart openbaar, dan sal almal van hulle neerval, en sê: 'Waarlik, God is met julle.'"

92 God is in ons gebou, God is in ons midde vanaand, God is in Sy heilige tempel, Hy probeer julle aanmoedig om na Hom toe te kom. Moenie tevrede wees om 'n Baptis, 'n Metodis, of Pinkster te wees, of wat jy ook al mag wees nie. Dit—dis alles reg, ek. . .daardie denominasies is goed. Sien? Ek respekteer elkeen van hulle, elke denominasie. Ek—ek stuur mense terug na hulle tuiskerk. Daardie. . .Dit is nie die denominasie waarteen ek skop nie, dis hoe wêrelds ons hier ingekom het. Sien? Kom, wees 'n Christen, gaan dan na enige kerk toe van jou keuse. Dis die ding. Dis om 'n Christen te wees, is waarvan ons praat. As jy van die Baptiste kerk hou, gaan na die Baptiste kerk toe, word wedergebore in die Baptiste kerk; as jy Katoliek is, word wedergebore, en wees in die Katolieke kerk; Presbiteriaan, doen dieselfde ding; maar kry eers, voor jy teruggaan, die Heilige Gees, word wedergebore, en jy sal 'n verligting wees, jy sal ander help om te kom, as jy dit net sal glo.

['n Suster praat in tale. Leë kol op band—Red.]

93 . . .Skrif is reg, dit sou die Heilige Gees wees wat spreek, net soos hierdie hier is.

94 Dametjie wat hier sit en haar gesig afvee net daar het hartprobleme. Ja. Glo jy die Here wil. . .sal jou nou genees, suster? Wat daar op die punt van die ry sit, reg hieronder met hartprobleme, glo jy dat God jou sal genees? As jy dit kan glo met jou hele hart, sal God dit vir jou doen.

95 Die dame wat daaragter sit en bid vir haar geliefde, wat baie senuweeagtig is wat daar reg agter sit, glo jy God sou daardie geliefde genees? Die Bybel het gesê: "As julle kan glo, is alles moontlik." Glo jy dit?

96 Komplikasies, wat aan die linkerkant van daardie paal sit daar, as jy dit glo met jou hele hart, God sal dit vir jou gee.

97 God is God. Glo julle dit nie?

98 Reg hieronder met die bril op, 'n dame wat sit met 'n probleem met haar kop, glo jy dat God jou sal genees, suster? Nee, wat net hier sit. Sy het 'n . . . [Leë kol op band—Red.] . . . het bril opgehad, grys aan die voorkant, wat net hier kyk. Glo jy God sal jou genees, suster? Ja, jy, wat jou hand opgesteek het—opgesteek het daarbo, dis jy. Nee, die dame reg daaragter. Jy—jy het dit nie nou nie, dit het jou verlaat, dit het jou verlaat. Amen.

99 "As julle kan glo, alles is moontlik vir hulle wat glo." Glo julle dit? Die Bybel het gesê: "As julle kan glo." O, Hy is so werklik!

100 Hierdie prediker wat net hieronder sit, en wonder, bang vir kanker, as jy net geloof sal hê en glo, sal jy nie daardie kanker hê nie.

101 "As julle kan glo!" Dit is, as julle dit kan glo.

102 Wat hier ver agter sit, is daar nog 'n prediker wat daar sit, hy het sy vrou en kind. Die kind het asma, sy vrou is gereed vir 'n operasie. Dis reg. Dis jy wat jou hand opsteek, jy's reg. Sit jou hand oorkant op die kind, die kind en moeder en vader, sit julle hande saam op mekaar.

103 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, laat dit vanaand bekend wees dat U God is. Ek bid dat U hulle sal genees. Skenk dit, Here. Daar is U Gees wat Homself bekend maak aan ons. Skenk hierdie genesing van al die mense. Nou mag hulle fisies genees en geestelik genees word. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

['n Broer praat in tale. Leë kol op band—Red.] *Daar Is 'n Fontein Gevul Met Bloed*. Goed.

> Daar is 'n fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> En sondaars gedompel onder die vloed,
> Verloor al hulle skuldvlekke.
> Verloor al hulle skuldvlekke,
> Verloor al hulle skuldvlekke;
> En sondaars gedompel onder daardie vloed,
> Verloor al . . .

104 Buig nou julle hoofde, eerbiediglik, stil. Dink daaroor na. Sondaarvriend, terwyl jy jou hoof gebuig het, en julle buite in radioland, ook, sal julle stop om te dink en 'n oomblik talm in hierdie gewoel en gewerskaf van die lewe? Besef julle dat julle nie onder die lewendes mag wees in die oggend nie? En as julle nie hierdie Ewige Lewe besit nie, is julle verlore. Jesus het gesê: "As iemand nie wedergebore word nie, kan hy nie eers die Koninkryk van God sien nie."

105 Kom, sondaarvriend buite in radioland, en ontvang Hom net nou as jou persoonlike Verlosser, sal jy dit nie doen nie? Buig reg in die kamer waar jy is, of . . . Maak geen verskil wie rondom jou

is nie, moenie skaam wees vir Hom nie; Hy sal nie skaam wees vir jou op daardie Dag nie. Kniel net reg waar jy ook al is.

106 En, pa, jy en ma daar wat miskien nie jou kinders grootgemaak het soos jy moet nie, miskien is dit waarom hulle buite in die wêreld is vanaand, waarom gaan jy nie net oor na waar moeder nou is, en sit jou arm om haar, en sê: "Skat, dis waar, ons was soos 'n verlore seun, ons het ons lewe verkwis met losbandige lewe. Ons kan nooit tevrede wees soos hierdie nie, laat ons na Christus toe kom vanaand." Doen dit, sal jy nie vriend, buite in radioland?

107 En aan julle hier in hierdie sigbare gehoor, hoeveel van julle sou sê: "Broer Branham, onthou my in gebed, ek wil myself toewy aan God"? Steek jou hand op, regoor die gebou oral. My, goeiste!

108 Is daar 'n sondaar of 'n afvallige hier wat die grom van die wolf gevoel het, die byt van sy tande, wat reguit hiernatoe wil kom en hier staan, terwyl ons bid? Dit lyk net soos 'n klein dingetjie, maar dis 'n groot ding. Ek wil hê julle moet hiernatoe kom, ek wil graag afkom, jou hand skud. Julle sondaarvriende, kom reguit af hiernatoe, laat ek afstap, saam met julle hier bid, sal julle? God seën jou, dame. Loop reguit hiernatoe, dis goed. Een siel tienduisend wêrelde werd.

Terwyl ons nou sing, kom elke sondaar.

> Daar is 'n Fontein . . .

Kom ondertoe. Kom af, meneer. God seën jou, seun. God seën jou, meneer. Dis die manier.

> . . . Emmanuel se are,
> En sondaars gedompel . . .

Dis reg, dames, kom net nader. Dors julle? Probeer julle iets vind wat bevredig? Dis goed. Kom reguit af. Dis goed.

> Verloor al hulle skuldvlekke,
> Verloor al . . .

109 Komaan, sondaarvriend, reg uit die balkonne uit. Kom reguit af langs die kante soos hierdie, wil graag jou hand skud, soos jy hier oor hierdie platvorm gaan.

> En sondaars gedompel onder die vloed,
> Verloor al hulle skuldvlekke.

> Die sterwende dief was bly om . . .

110 Kom sondaar en afvallige, sal jy nie nou afkom en kniel by die altaar nie? Kom reguit . . . Daar . . . Groot groep van hulle het hier om die altaar gekniel vandat ons die oproep aan julle gemaak het in radioland, mans, vroue, jonk en oud.

> . . . sleg soos hy,
> Al my sondes wegwas.

111 Nou terwyl sy weer daardie lied speel, ek wonder vanaand . . . Ek voel regtig dat daar meer as hierdie moet

wees. Ons is baie dankbaar vir hierdie sondaars wat hier gekniel het by die altaar. Hulle is moeg om hulleself te probeer bevredig met net *een of ander* klein ou ietsie van die wêreld, hulle is siek daarvan, hulle is—hulle is net heeltemal uitgeput, soos die wêreldse uitdrukking, maar hulle is net klaar daarmee. Hulle wil iets egs hê, hulle gaan dit ontvang. Die einste God wat jou hart ken, weet dat dit waar is. God seën jou, dame. Dis reg. Kom reguit af daarnatoe. Sal jy nie kom nie?

112 Nou, daar mag kerklidmate hierbinne wees wat aan sommige kerke hier in Los Angeles behoort, ander plekke, julle was hierdie week en verlede week hier, en het die Heilige Gees sien beweeg, nou, Dis die einste Ding wat my nou in my hart sê, dat julle hiernatoe moet kom. Sal julle nie kom nie? God seën jou, dame. God seën jou. Dis reg. Kom reguit uit. Beweeg reguit uit die gehoor uit en kom hiernatoe. Hoe. . . ?

113 Ek wag, hou nog net 'n rukkie uit. Wel, wie sal hulle hand opsteek, sê: "Broer Branham, ek weet ek's verkeerd, bid vir my om genoeg moed te hê om te kom"? Ons glo nie daarin om agtertoe te gaan en mense nou te gaan haal nie, ek doen dit nie. As die Heilige Gees jou nie genoeg kan oortuig dat jy verkeerd is, om hiernatoe te kom en reg te wees nie. . .

114 Nou, wat as jy net nou, iets sou voel beweeg, hierdie tempel sou begin inmekaar val, of 'n aardbewing het hierdie stad getref, of 'n bom het iewers getref, dit verander net in poeier, jy daarmee heen sou wees? Wat sou jy doen? Is julle almal gereed om te gaan? God seën jou, dame. God seën jou, meneer. Dis reg. God seën jou. Ja, hele familie wat kom. Dis goed. Kom. Dis reg. God seën jou, dame. Kom nou reguit af na die altaar. Luister, dis die dapperste ding wat jy ooit gedoen het, was om na Christus toe te kom. As jy nie seker is jy's reg met God nie, moenie te lank wag nie. Daar gaan 'n opstanding wees een van hierdie dae, en Jesus kom. Ek. . .

115 Jy sê: "Ek hoor dit al vir 'n lang tyd, Broer Branham."

116 Maar hierdie mag die laaste keer wees wat jy dit ooit sal hoor. Onthou, hierdie mag die einde van die tyd wees vir julle vanaand, julle mag nooit 'n geleentheid hê nie. Voor die oggend, mag jy teen 'n doodskussing druk, en die are afkoel in jou arms. Kom. Dis reg. Dis reg. Kom reguit uit. Dis goed.

117 Julle sê: "Broer Branham, jy maak die mense bang."

118 Nee, ek doen dit nie, ek vertel julle die waarheid. Jy moet God ontmoet. Jy gaan Hom óf hier ontmoet óf Hom ontmoet by die Oordeel in Sy toorn. Ontmoet jy Hom hier terwyl Hy vir jou pleit; jy Hom dan ontmoet, is Hy jou Regter, nou is Hy jou Verlosser. Sal julle nie kom terwyl ons nog een vers sing nie?

119 En julle wat, kerklidmate, ons vra julle nie om by die Angelus Tempel aan te sluit nie, ons sou julle graag hier wou hê, dis waar genoeg. Ons het wonderlike kerkmense hier, en goeie pastore,

en—ensovoorts, ’n mooi gebou, en dis net ’n wonderlike kerk, ons sou julle graag hier wou hê. Maar as jy nie wil . . . As jy wil teruggaan na jou eie kerk toe, ons wil nie hê jy moet jou kerk verlaat nie, ons wil net hê jy moet kom en seker wees dat jy reg is met God. Sien? Dis—dis die ding wat ons probeer doen, is vir jou om reg te wees.

120 Die uur kom, en is nou, dat wanneer ons nie meer kerk kan speel nie, dis God wat in die Kerk werk, ons moet dit hê. As jou siel dors na iets, en jy het dit probeer bevredig met ’n geloofsbelydenis, dit probeer bevredig met iets anders, los dit vanaand en kom hiernatoe, sal jy nie? Kom nou af terwyl ons weer sing. Goed, almal saam:

> . . . in ’n edeler, soeter lied,
> Sal ek sing U . . .

121 Sal julle nie nou kom nie? Kom reguit aan nou, ek nooi julle uit. Onthou, die volgende keer wat julle my stem hoor, mag by die Oordeel wees. Onthou, ek het vir julle Jesus aangebied. As julle wonder hoe hierdie dinge gedoen word, die uitlê van die Gees, hoe Dit gees onderskei, komaan, kom nou in God in, vul jou hart Daarmee.

122 Hoeveel hierbinne—hoeveel hierbinne wil ’n toewyding aan God maak? Steek jou hand op, sê: “Ek sal net graag ’n bietjie nader aan God wil kom.” Nou kom julle af, kom reguit af, almal van julle wat julleself wil hertoewy, om God se Gees in julle lewe, meer, groter, te voel. Miskien soek jy die Heilige Gees, jy het alreeds gekom en jou geloof bely, maar jy wil die Heilige Gees ontvang, wil jouself hertoewy. Ons wil hê ’n herlewing moet voortgaan. Kom reguit af nou, sal julle? Kom reguit af om die voorkant hier. Dis goed. O, dis goed. Kom van oral af, jonk en oud, beweeg reguit af.

123 Radioland, nou, julle behoort hier te wees om hierna te kyk: Net mense wat in elke paadjie afkom, kyk na die opregtheid, party wat huil. O, hierdie is waarvan ek hou: om mense te sien kom om my Here te aanbid, mense te sien, mans en vroue wat dors na geregtigheid. “Salig is julle, wanneer julle honger en dors na geregtigheid, want julle sal gevul word.” Daar is daardie Fontein gevul met Bloed net nou.

124 As jy nie is net waar jy behoort te wees nie, jou Pinkster, Baptis, Presbiteriaan, Metodis, wat jy ook al is, kom net nou, sal jy nie? Dis reg. Kom saam met die res van hulle, jy sal nie alleen wees nie. Daar’s nou net oral op-en-af gevul hier, rondom, die altare is vol, en die sitplekke rondom is vol, en hulle kom nog steeds af. Hou net aan kom, hou net reguit aan met afkom.

125 Moenie dat die honde van die hel julle kosbare lewe tap nie. As jy ver genoeg sou wegruk om van hom af weg te kom, sal hy jou weer inhaal, moenie dat hy dit doen nie, daardie ou giftige tande in jou, vind die Water, vind die Water, die Water van die

Lewe! Jesus is daardie Water van die Lewe. Kom reguit af. Dis reg.

126 Nou, laat al die persoonlike werkers reg rondom hierdie mense kom. Elkeen hierbinne wat 'n persoonlike werker is, kom reg rondom hierdie mense nou, ons gaan gebed hê. Dis goed. Dis goed. Kom net nader.

127 Nou, my vriend, ek wil vir jou iets vertel, julle hier in die sigbare gehoor en julle in radioland: Hierdie is een van die grootste tye van my lewe. Die res van julle mag sit vir 'n oomblik, as julle wil.

128 Toe ek net 'n jong prediker was, was daar 'n—'n jong dame wat my gevra het of—of ek saam met haar na 'n dans toe sou gaan, sy was 'n—'n prediker se suster. Ek het vir haar gesê: "Nee!"

Sy het gesê: "Jy drink nie, jy rook nie, jy gaan nie na danse toe nie, waar het jy enige plesier?"

129 Ek het 'n tentdiens gehou, die volgende aand was daar 'n altaar-oproep omtrent soos hierdie, mense wat vergader het, ek het vir haar beduie. Sy het opgekom na waar ek was. Ek het gesê: "Suster, hierdie is 'n groter plesier vir my as *al* die dinge van die wêreld, is om sondaars te sien kom, kniel, buig, hulle lewe toewy aan God." Diepe toewyding, dis wat ek graag wil sien. Gee julle lewens oor.

130 Nou, elkeen van julle hier by die altaar, julle is, en buite in radioland, buig julle nou ook vir gebed. Daar mag dalk nie 'n persoonlike werker daarbuite in radioland wees nie, maar daar's 'n Heilige Gees daar, Hy's die Een om jou te lei.

131 Nou, elkeen, bid op julle eie manier, bely julle foute, en vra God om julle genadig te wees, en Hy sal dit beslis doen. Nou, met julle hoofde gebuig, oral, gaan ek vir Broer Duffield vra om hiernatoe te loop en die gebed vir julle te vra in radioland, en vir julle hier by die altaar. God seën julle nou. Terwyl almal julle hoofde buig, en laat ons almal bid vir hierdie mense wat by die altaar is, terwyl ons ons hoofde gebuig het, oral. Nou, wees gereed in radioland om Christus te aanvaar terwyl ons broer ons in gebed lei.

59-0414 Dors Na Lewe
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org